

MEER OOR DIE ONTVANGERS VAN DIE UITSTYGTOKENINGS

VANESSA JOSEPH

Vanessa Joseph, een van vier dogters, het in baie moeilike finansiële omstandighede grootgeword, ondanks haar ma, 'n enkelouer, se pogings om vir haar gesin te voorsien. Hul omstandighede het die afgelope paar jaar verder versleg en haar ma, wat tans werkloos is, moes uiteindelik hul huis en voertuig verkoop.

Tog het Vanessa, ondanks hierdie moeilike omstandighede, reeds op skool uitgeblink, nie net op akademiese gebied nie, maar ook as leier. Sy was in beide haar laerskool en hoërskool op die leerlingraad en was onder die top drie akademiese presteerders in haar skool in matriek.

Ondanks hierdie goeie prestasie het sy nie keuring gekry om medies te studeer nie. Volgens Vanessa het sy gekwalifiseer vir 'n BComm-rigting, maar dit was nie wat sy wou doen nie. Sy wou 'n dokter word en 'n verskil maak, nie net in die lewe van haar toekomstige pasiënte nie, maar ook in die lewe van haar familie.

Daarom het Vanessa aansoek gedoen vir die SciMathUS oorbruggingsprogram waar sy haar Wiskunde- en Natuurwetenskap-punte met onderskeidelik 34% en 53% verbeter het. In 2010 is Vanessa gekeur vir die MB, ChB-program en is tans in haar derde studiejaar. Sy is daarvan oortuig dat al hierdie ervaringe haar 'n sterker mens en 'n beter student gemaak het.

In haar eie woorde: "Ek kom van 'n benadeelde familie waar ons soms nie genoeg gehad het om te eet nie, maar my ma het my geleer om nie toe te laat dat my omstandighede my onderkry of in die pad van my drome staan nie."

SALWAH SALIE

Salwah Salie, 'n eerstejaar mediese student, was nog altyd passievol oor die wetenskap en bereid om haar medemens te help. "Ek wil graag in agtergeblewe gebiede en staatshospitale werk omdat ek dink gesondheidsorg is die nodigste daar."

Sy het reeds op skool begin om haar passie uit te leef deur vrywilligerwerk te doen by weeshuise, ouetehuse en skole vir kinders met spesiale behoeftes. Salwah was ook 'n lid van haar skool, Kensington Hoërskool, se portuurberadingskomitee, wat emosionele en akademiese ondersteuning aan mede-leerders gebied het.

Salwah het haar vrywilligerwerk op universiteit voortgesit ondanks die eise van haar studies: "Vanjaar het ek en van my mede-studente 'n projek begin by die Hoërskool Ravensmead waar ons Wiskunde klasse gee. Terselfdertyd doen ons 'n lewensvaardighede-program met die leerders, wat nie net fokus op kwessies wat jongmense raak nie, maar ook daarop gemik is om hulle loopbaanblootstelling te gee."

Verder dien sy tans as 'n fasiliteerder vir GOAL, 'n organisasie wat hom beywer om geleenthede aan aspirantleiers te bied. Afgesien van hierdie onbaatsugtige diens aan ander, is Salwah ook 'n natuurliefhebber en is steeds deel van Kensington Hoërskool se Natuurlieweklub.

Hoewel Salwah deur baie beskryf word as 'n intelligente, beskeie en betroubare persoon wat "die ambisie en karakter het om goed te doen in enigiets wat sy aanpak", is en was haar sosio-ekonomiese omstandighede nog altyd 'n struikelblok op haar pad na sukses. Haar ouers is geskei en haar pa is 15 jaar gelede medies ongeskik verklaar en kan nie bydra tot haar studies nie. Dit is 'n uitdaging vir haar ma, wat 'n karige inkomste verdien deur naaldwerk te doen, om Salwah en haar broer, Mogamat, wat albei voltyds studeer, sowel as hul jonger broer Abdullah, wat nog in die hoërskool is, te onderhou.

NIEL ADAMS

Terwyl die meeste mense praat van probleme, sien Niel Adams moontlikhede raak om uitdagings te oorkom. Niel, een van vier kinders wat deur 'n enkelma onder geweldige finansiële druk grootgemaak is, is besig om homself as 'n mediese dokter te bekwaam en is vasbeslote dat finansiële swaarkry nie sy drome gaan bederf nie.

Hy is 'n skitterende voorbeeld van volharding en hy glo die rede vir sy sukses tot op hede is sy ma se onwrikbare ondersteuning deur al die swaarkry. Sy ma het 'n klein maandelikse inkomste, skaars genoeg om die pot aan die kook te hou, laat staan nog om vir universiteitstudies te betaal, maar sy is vasbeslote om vir Niel en sy drie sibbe te help om hul studies voort te sit. Daar was baie tye wat hy al die pad van Bishop Lavis na sy skool in Parow moes stap, want daar was net nie geld vir vervoer nie.

Hy het in 2011 aan die Hoërskool Parow gematrikuleer, waar hy bewys het dat hy 'n jong man met vele talente is. Neil het akademies uitstekend presteer en deurlopend sy vakke met onderskeiding geslaag. Hy was 'n lid van sy skool se studenteraad en was ook aktief op die sportveld, waar hy rugby vir sy skool se eerste span sowel as sokker vir die tweede span gespeel het. Wanneer hy nie in die klaskamer of op die sportveld was nie, het Niel sy musikale talent geslyp deur die saksofoon te speel.

Vir die afgelope twee jaar, het Niel tydens vakansies gewerk om sy ma te help om ten minste sy registrasiegeld te betaal. Hy het ook voortgegaan op sy gekose pad van sukses hier by die Universiteit Stellenbosch en in 2012, sy eerste jaar as 'n mediese student, het hy die hoogste gemiddelde punt van sy MB, ChB-klas behaal.

NASEEHA BHYAT

Naseeha Bhyat, tans 'n tweedejaar mediese student, is gewoon aan moeilike huislike omstandighede en 'n daaglikse stryd om oorlewing. Tog kan haar positiewe houding en vasberadenheid om bo haar omstandighede uit te styg as 'n voorbeeld vir ander dien.

Sy is al beskryf as 'n uiters begeesterde en hardwerkende student wat by enige situasie kan aanpas. Naseeha se pa het die land verlaat toe sy net 'n baba was, en haar ma agtergelaat om alleen na drie kinders om te sien. Sedert 2007 het Naseeha al verskeie deeltydse werk as onder meer 'n kelner en verkoopassistent gedoen in 'n poging om finansieel tot die huishouding by te dra.

Ten spyte van haar werksverpligtinge, het sy daarin geslaag om nie net suksesvol op haar studies te fokus nie, maar selfs tyd gevind om deel te neem aan RHYCO, 'n jeug liefdadigheidsorganisasie van Rylands Hoërskool, waar sy in 2010 matrikuleer het. Sy was ook deel van die *Merseta Star Schools Incubator*-program, 'n verryking inisiatief vir hoërskool leerders wat uitgeblink het in hul onderskeie skole.

Hoewel Naseeha se oorgang van kind na volwassene meestal vergesel was deur bekommernisse, ekstra verantwoordelikhede en soms selfs wanhoop, is dit haar wens om eendag in 'n posisie te wees om na haar ma om te sien. Sy wil ook ander aanmoedig en wys dat jy 'n sukses van jou lewe kan maak deur op jou drome te fokus, ten spyte van moeilike omstandighede.